Die aard en funksie van straatname soos geïllustreer deur straatnaamtoekenning en -verandering

Johan Moll

Johan Moll: Departement Taalbestuur en Taalpraktyk, Universiteit van die Vrystaat

"All Nationalisms are at heart deeply concerned with names: with the most immaterial and original human invention." (J. Berger soos aangehaal in Azaryahu en Kook 2002:195)

Opsomming

Van die belangrikste teoretiese beskouings oor die aard en funksie van straatname word in hierdie artikel van nader bekyk. Straatname toon 'n verbintenis met ruimte en semiotiek en vorm deel van die kollektiewe geheue van 'n samelewing. Net so belangrik is die politieke prosesse van naamgewing, veral wanneer dit kom by sowel die benoeming van straatname ter verering van historiese persoonlikhede en herdenking van uitstaande historiese gebeure as by die proses van die herbenoeming van reeds bestaande strate. Die uitwerking van herbenoeming op die menslike ervaring van ruimtes en as teken en bevestiging van bewindsverandering en die legitimiteit daarvan word hier as belangrik uitgemaak. Die eerste straatnaamverandering in Bloemfontein ná die bewindsaanvaarding van die ANC word as voorbeeld voorgehou, terwyl daar ook verwys word na naamsverandering in verskeie ander stede.

Sleutelwoorde: odonomie, straatnaamverandering, semiotiek, ruimte, kollektiewe geheue, vereringstraatname, herbenoeming, ANC

Summary

The nature and function of street names as illustrated by street-naming and street-name-changing

Name-changing in South Africa is ongoing in every province and at every level. Some of the important theoretical discussions on the nature and function of street names (odonyms) are more closely examined here: the connection between odonyms and views on the nature and functioning of space and semiotics; odonyms as part of collective consciousness; the nature of commemorative street names; the renaming of street names in terms of settling debts with the apartheid government and celebrating the new dispensation.

Odonyms are identifying names given to streets and are basically concerned with space. As a result of modern scientific approaches and the resulting technological advances in

communication and transport, people's sense of place and space is constantly changing. Space forms a basic precondition for experience, and although street names may appear quite commonplace, more penetrating analysis shows that odonyms have a transcendental dimension elevating them above the mere mundane. The fact that street names form part of signs and symbols inevitably leads to their association with semiotics. From a semiotic viewpoint, street names become means through which urban space becomes authoritative, elevating common life to the sublime.

A street map has ideological dimensions that can be associated with specific public spaces and street names. In this way street names become a source for the continuous creation and deposition of the collective memory of an urban community. It is mainly the predominant political interests and power relations that determine the symbolic construction of identity: "In particular it reflects certain needs and their ability to manipulate symbols and notions of common heritage" (Azaryahu and Kook 2002:199).

When a new collective consciousness is being formed and accentuated, ways and means are found to bring them to fruition. This is when new emphasis is placed on historical events and when individuals from the ranks of the new governing circles are honoured and commemorated. Various studies have been done on street names as a commemorative phenomenon, as in the research of Ferguson (1988), Palonen (1993) and Azaryahu (1996).

This brings one to the nature of commemorative street names as a general characteristic and function of modern political culture. The symbolic function of street names as a means of commemoration is always subservient to its practical function. Commemorative street names bestow historical events and personalities with extraordinary meaning and according to Schwartz (1982:377) provide "a register of sacred history". From the viewpoint of those that control the shaping of the society's symbolic infrastructure, the important function of commemorative street names lies in the fact that they present an official representation of history within the surroundings of everyday life.

The meaning and interpretation of commemorative street names are influenced by personal and ideological preconceptions. What makes them culturally and politically relevant and important are their validity and the interpretation users of public spaces attach to them. Lefebvre (1991:54) maintains that a "revolution that does not produce a new space has not realized its full potential: indeed, it has failed in that it has not changed life itself, but has merely changed ideological superstructures, institutions and political apparatuses".

The renaming of streets is a pertinent feature in the toponymy of modern cities. According to Azaryahu (1996:317) the renaming of a street has a significant effect not only on a city, but also on human experience and observation: "A rude intervention in routinized and traditional relations between ordinary people and their habitat effect a cognitive dissonance and mental and communicative disarray, at least temporarily." Since commemorative street names form part of the symbolic infrastructure of power and authority, they become obvious targets when political upheavals occur. On account of the fact that a politically motivated renaming constitutes a dual procedure of decommemoration and new commemoration, it is often accompanied by conflict or reaction. Through renaming, the new political order proclaims a new era, showing and confirming at the same time determination and self-assurance to revisit and change signs and symbols anew.

In this account examples are given of name-changing in some important South African cities. In Israel many towns have streets named after Herzl, the Zionistic leader and hero; the same

happened in South Africa with the hero-worship of Mandela, icon of the new dispensation and honoured for his leadership in establishing freedom and unity. Azaryahu and Cook's analysis focuses on concepts of historical and cultural heritage as expressed through street names. These themes and concepts are repeatedly accentuated in South Africa. ANC supporters keep asking what has happened to the "revolutionary zeal to undo the legacy of apartheid". They complain that throughout the country the statues and street names of colonial settlers are still to be seen.

It is quite enlightening to look at some of the street name changes in South Africa. The first such change in Bloemfontein after the ANC's accession to power is taken as an example. Street name changes, as part of the whole problematic culture-related issue, led to some of the most vociferous debates between the ANC and opposition parties in the Free State Legislature. Essentially the ANC's stance regarding symbols and name-changing was based on these words in the *Freedom Charter* (1955): "South Africa belongs to all who live in it, black and white, and no government can truly claim power unless it is grounded in the will of the total population."

In Cape Town many reasons were put forward for changing place and street names: the existing names reflect the city's divided past; a new democracy with total contempt for the old dispensation should not tolerate the names of apartheid heroes; the colonial past is over and done with and it has become irrelevant still to display the names of British politicians; South Africa has its own culture and heritage and a richness of descriptive language; the process of name-changing will stimulate debate and creative thinking.

In Johannesburg D.F. Malan Drive was changed in 2001 to Beyers Naudé Drive. Thus the name of one of the strongest enforcers of the system of apartheid was removed and the street renamed after one of the country's foremost Afrikaner opponents of apartheid. Various streets in the suburb of Newtown in Johannesburg were renamed after heroes who, in spite of censorship, exile and discrimination by recording companies and the demolition of Sophiatown, survived to let their art flourish. The main argument in these street renamings was that renaming had to reflect the democratic changes in government. Some of the interesting changes were streets renamed after Gerard Sekoto, a pioneer of modern African art; Miriam Makeba, one of the country's cultural icons; Margaret Mcingana, world-renowned for her rendering of the song "Mama Tembu's Wedding"; and Henry Nxumalo, honoured for his exposé of working conditions on the potato farms in Bethal.

One of the first name changes in Durban was the renaming of a road in honour of Soofie Saheb, great benefactor of the Indian community. This was applauded as contributing to the "dignity, honour and proud history" of the Indian community who was forced to leave the Riverside suburb in 1986 under the Group Areas Act (Pather 1999:20). However, the attempt by the ANC to change other streets in Durban was confronted by serious Zulu opposition, as the Zulus found the names of ANC heroes of the struggle unacceptable in areas where they were dominant.

One of the first moves to change street names in Port Elizabeth occurred in 1999 when, as a token of acknowledgement for assistance during the struggle against apartheid, a street in New Brighton was named after the murdered Swedish prime minister, Olaf Palme. Another street was named after Joe Slovo, an advocate who defended senior ANC leaders, including the Rivonia trial of 1963. In 2007 streets with offensive names such as Verwoerd and Strijdom were renamed Bram Fischer Road and Malibongwe Road without any protest or

opposition. The consciousness that people "form an association with street names to which they can relate" (Claasen 2008:1) was becoming visible and growing stronger.

Street names can hardly be imagined without taking into account the importance of space, semiotics and the collective consciousness of a society. Street-name-changing in the cities cited above illustrates how geographical location and historical and political importance came into play during the changing of the first street names. Semiotics plays a role on account of the historical context and emotional reaction to old and new names. This also became apparent in the opposition to renaming generated as a result of the assault on symbols from the past which had taken on an almost sacred character. The first changes took place where apartheid symbols were most prominent, where new changes would be most conspicuous and thus bring new heroes and what they symbolised more pertinently to people's attention. For blacks street-renaming was a question of "unshackling and decolonising" after the long struggle for freedom, as well as a means of reflecting a new state of affairs.

Keywords: odonomy, street name changing, semiotics, space, collective memory, honorary street names, street name renaming, ANC

1. Inleiding

Naamsverandering in Suid-Afrika is in elke provinsie en op elke vlak aan die gang: provinsies, dorpe en stede, woonbuurtes, strate, parke, geboue, damme, lughawens en so meer. Hier val die klem uitsluitlik op straatname en veral die benoeming en herbenoeming daarvan. Wat onmiddellik na vore tree, is straatname se sterk verbintenis met ruimte en semiotiek en hoe hulle deel vorm van die kollektiewe geheue van 'n samelewing. Net so belangrik is die politieke prosesse betrokke by naamgewing, veral wanneer dit kom by die benoeming van straatname ter verering van historiese persoonlikhede en die herdenking van uitstaande en merkwaardige historiese gebeure na 'n nuwe bewindsaanvaarding. Die uitwerking van herbenoeming op die menslike belewenis van ruimtes en die simboliek daaraan verbonde as teken en bevestiging van bewindsverandering, legitimiteit en magsuitoefening word hier as belangrik uitgemaak. Van die eerste straatnaamveranderinge in Bloemfontein, Durban, Kaapstad en Johannesburg ná die bewindsaanvaarding van die African National Congress (ANC) word, in die lig van die teoretiese besinning vooraf, as voorbeelde voorgehou en bespreek.

2. Die verbintenis van straatname met ruimte en semiotiek

Plek en ruimte is 'n voorwaarde vir menslike bestaan wat altyd "in plek" gesitueer is soos wat mense altyd "in kultuur" leef en beweeg. Dit is om hierdie rede dat mense se verhouding tot plek en kultuur 'n wesenlike deel van die konstruksie van hulle individuele en kollektiewe identiteit word. Entrikin (1991) wys tereg daarop dat as gevolg van moderne wetenskaplike benaderinge en die gepaardgaande tegnologiese vooruitgang in kommunikasie en vervoer, die mens se sin vir plek voortdurend aan verandering onderworpe is. Hierdie transformasie het gepaard gegaan met 'n groter bewustheid van die fundamentele polariteit in die menslike bewussyn tussen subjektiewe en objektiewe gesigspunte. Die subjektiewe dui dan op wat soms bestempel word as 'n "gesentreerde" werklikheidsbeskouing waarbinne die mens deel vorm van plek en tyd, terwyl die objektiewe 'n "degesentreerde" beskouing verteenwoordig

waarbinne die mens die hier en nou transendeer. Dit is juis die mens se bewussyn van die gaping tussen die twee perspektiewe wat deel uitmaak van die krisis van moderniteit. Word ’n degesentreerde houding teenoor die menslike bestaan ingeneem, mag individuele kwessies soos die alledaagsheid van straatname onbelangrik en betekenisloos voorkom. Maar al word so ’n standpunt gehuldig, verminder dit nog nie die rol en belangrikheid van ruimte as ’n basiese voorwaarde vir ervaring nie (kyk byvoorbeeld Entrikin 1991:1). Straatname mag baie alledaags voorkom, maar indringender besprekings toon dat hulle ’n transendentale dimensie het wat hulle bo die alledaagse verhef.

Dieselfde spanning tussen wat ook as universalisme en partikularisme bestempel kan word, blyk uit kenteoretiese besprekings oor die menslike samelewing binne historiese en geografiese kontekste. Die wetenskaplike soeke na universele geldighede en algemeenhede laat ondersoeke na die besonderhede van ruimtelike plekke onbelangrik en onbeduidend lyk en neig om die belangrikheid van die partikuliere wat geassosieer word met die individu se gehegtheid aan plek en ruimte binne ’n gemeenskap, gering te skat (Entrikin 1991:2–3). Feit is, straatname bly onontbeerlike rigtingwysers nie slegs vir geografiese oriëntering nie, maar ook op transendentale vlak vir die kultuursimbole en historiese verlede en ontwikkeling van ’n gemeenskap. Straatname mag wel eerstens en op alledaagse vlak ’n beskrywing van die dorp of stad op klein skaal wees, maar op ’n tweede en transendentale vlak word dit ’n ideologies-ruimtelike teks wat binne ’n bepaalde openbare ruimte tot stand kom.

Die breë terrein wat met name te doen het, staan bekend as die onomastiek (naamkunde); en odonomie, of dan straatnaamkunde, vorm een van die onderafdelings daarvan. Wat straatname betref, is een van munisipaliteite se funksies om name aan strate, paaie en openbare plekke toe te ken en sulke name wanneer doenlik ook te hernoem. Odonomie gaan dus veral oor die name en benaming van openbare strate, paaie en hoofweë, hoe en waarom sulke name gekies word, die prosesse van goedkeuring, die katalogisering en standaardisering daarvan en die beskikbaarstelling van inligting daaroor (Toussaint 2007:1–5). Wat odonomie in Suid-Afrika en in baie wêrelddele steeds relevant maak, is dat munisipaliteite voortdurend besig is om nuwe woongebiede en strate uit te lê en dat nuwe name dan daarvoor gevind moet word. Wanneer die studie van plekname van ’n bepaalde gebied ter sprake kom, staan dit as toponimie bekend.

Straatname het wesenlik met ruimte te doen en soos daarop gewys, vorm ruimte een van die hoofelemente in enige kulturele stelsel (Anon. s.j.). Die ruimtelike teks van ’n straatkaart is leesbaar en interpreteerbaar, en soos Palonen (1993:104) daarop wys: “Looking at a streetmap of a city may be, for the competent reader, sufficient to get a first glimpse of the history of the city in terms of the changing political climates.”

Dit blyk egter dat die interpretasie van so ’n ruimtelike teks binne meer kontekste as net die historiese of die politieke moontlik is. Dit kan ook in ’n demografiese, geografiese of sosiologiese konteks geplaas word, terwyl kombinasies van sulke kontekste natuurlik ook moontlik is. Die studie van straatname kan dus lei tot holistiese benaderings en verklarings deur die uiteenlopende kontekste daarvan te ontleed. Entrikin wys daarop hoe ruimtes soos straatname die betekenisse oorneem van gebeure wat daar plaasvind en objekte wat daar te

vinde of opgerig is, en dat die beskrywings en vertolkings daarvan ineengestrengel raak met menslike oogmerke en waardes (Entrikin 1991:11). Die geskiedenis van ruimtes is belangrik nie net in terme van die ontstaan daarvan nie, maar veral ook vanweë die "mutual interactions, distortions, displacements and their links with the special practice of society" (Entrikin 1991:42).

Omdat straatname deel vorm van tekens en simbole, lei dit ook onvermydelik tot koppeling met die semiotiek, en vanuit 'n semiotiese oogpunt word straatname middele waardeur die stedelike ruimte gesaghebbend word en op dialektiese wyse die alledaagse verhewe maak en andersom. 'n Straatkaart besit ook ideologiese dimensies wat aan bepaalde openbare ruimtes en straatname gekoppel kan word. Hierdeur word straatname 'n bron vir die voortdurende voortbring en neerslag van die kollektiewe geheue van 'n stadsgemeenskap (Pinchevski en Torgovnik 2002:374).

3. Straatname as deel van die kollektiewe geheue

'n Belangrike aspek wat by straatname ter sprake kom, is kollektiewe geheue, en daarmee duik temas op soos geskiedenis en erfenisgoedere en alles wat daarmee saamhang. Op sy beurt weer is kollektiewe geheue 'n sosiale verskynsel wat gekonstrueer word na gelang van politieke, historiese en sosiale opvattings en veranderinge (Pinchevski en Torgovnik 2002:365).

Die wyse waarop die verlede gesien word, is dikwels diensbaar aan die politieke ideale en strominge en bewindhebbers van die tyd. So is die bestaande dominante (en dikwels afgeforseerde) kollektiewe geheue ná die dramatiese politieke oorname van Suid-Afrika deur die ANC, nuut beoordeel en ingrypend verander in die stel van nuwe politieke ideale, vergesel van nuwe historiese beklemtonings voortspruitend uit dinamiese sosiale veranderinge.

Azaryahu en Kook (2002:199) wys daarop dat kollektiewe identiteit altyd gekonstrueer en beleef word deur gedeelde simbole en voorstellings, en om sosiaal effektief te wees, moet so 'n kollektiewe identiteit kultureel gedeel word. Hulle meen die belewing van identiteit word juis deur die aanhang van simbole gedefinieer en voortgesit. Identiteit word egter nie net simbolies gekonstrueer nie, maar sosiaal onderhandel binne konkrete historiese en politieke werklikhede. Dit is veral die heersende politieke belange en magsverhoudinge wat die simboliese konstruksie van identiteit bepaal. Sulke belange en verhoudinge weerspieël die bepaalde behoeftes en oogmerke van die politieke magshebbers en hulle vermoë om simbole en opvattings oor gemeenskaplike simbole te manipuleer. "In particular it reflects certain needs of political elites and their ability to manipulate symbols and notions of common heritage" (Azaryahu en Kook 2002:199). So het die Nasionale Party (NP) simbole tydens sy bewind op groot skaal gemanipuleer deur die verandering van die Volksraad-regalia, die verwydering van die Union Jack, ensovoorts. Die ANC sou dieselfde soort verandering ná húlle magsoorname voortsit en grootliks uitbrei, siende dat die bevolkingsmeerderheid vir die eerste keer aan bewind gekom het. Weer eens is die Volksraad-regalia gewysig, die ampsname van wonings verander, die volkslied aangepas, apartheidsimbole soos standbeelde

(van veral Verwoerd), borsbeelde en skilderye in die Volksraad, name van geboue, ensovoorts, verwyder of verander.

Wanneer ’n nuwe kollektiewe geheue gevorm en beklemtoon word en na vore tree, word maniere en middele gevind waarop en waardeur dit in die alledaagse lewe gestalte kan vind. Dit is dan wanneer nuwe aksente op historiese gebeure geplaas word en belangrike individue uit die verlede en hede van die nuwe heersersklas vereer en herdenk word. Verskeie studies is gedoen om spesifiek straatname as ’n herdenkingsverskynsel te verken, soos te vinde in die werk van Ferguson (1988), Palonen (1993) en Azaryahu (1996). Pinchevski en Torgovnik (2002) laat die klem byvoorbeeld op twee aspekte wat van besondere belang is, val, naamlik die politieke stryd en die besluitnemingsprosesse wat met die benoeming van straatname gepaard gaan.

4. Die aard van vereringstraatname

Verering- of huldigingstraatname is ’n algemene kenmerk van die moderne politieke kultuur. Die simboliese funksie van ’n straatnaam as ’n middel van herdenking of verering bly altyd ondergeskik aan die praktiese funksie daarvan. Die meeste vereringstraatname bestendig die nagedagtenis van historiese figure en gebeure wat deur diegene in beheer belangrik genoeg vir verering binne die stadslandskap geag word. Hierdie tipe verering beklee historiese gebeure en persoonlikhede met buitengewone betekenis en verskaf volgens Schwartz (1982:377) “a register of sacred history”. Vanuit die perspektief van diegene in beheer van die vorming van die samelewing se simboliese infrastruktuur is die groot voordeel van vereringstraatname dat hulle ’n amptelike voorstelling van geskiedenis binne die omgewing van die alledaagse stadslewe bied.

Net soos monumente en museums, weerspieël straatname wat vereer, nie slegs ’n bepaalde weergawe van die geskiedenis nie, maar dra dit by tot, en word dit medespelers in, die voortdurend veranderende en voortgaande kulturele aanbieding en voorstelling van ’n gedeelde verlede. In hulle rol en funksie beide as historiese verwysings en as ruimtelike skeppings gee straatname gestalte aan die ontmoetingspunt en interaksie van geskiedenis en geografie: “Potentially contested and eventually challenged, commemorative street names concretize hegemonic structures of power and authority” (Azaryahu 1996:312).

So dra die gebruik van straatname vir eerbetoningsdoeleindes by tot die omskepping van die stedelike omgewing tot ’n bykans volwaardige politieke omgewing, en die vermoë om die betekenisse van sulke omgewings te wysig en te beheer is ’n belangrike uiting en bewys van mag (Entrikin 1991:52).

Vereringsprosedures integreer geskiedenis in deurleefde ervaring en lei daartoe dat dit deur individue kultureel gedeel en beleef kan word. Straatname definieer geskiedenis in terme van lokaliteit en maak deel uit van die historiese geheue van die dorps- of stadsbewoners. Tog veroorsaak die oënskynlike alledaagsheid daarvan dat dit polities betrek word in die verloop van die alledaagse lewe. Straatnaamgewing vorm ’n tipiese terrein vir die uiting van wat genoem word “banale nasionalisme”: die weergawe van komplekse gebeure, gewoontes en

voorstellings wat op alledaagse wyse die kollektiewe identiteit van die bewoners of kultuurgroep of landsbewoners weerspieël (Billig 1995).

Vir diegene wat beheer uitoefen oor die bepaling van die simboliese infrastruktuur van die samelewing, is die groot voordeel van vererings- en gedenkstraatname dat hulle ’n gesanksioneerde weergawe van geskiedenis binne die opset en omgang van die alledaagse lewe daarstel en bied. Diegene in beheer besluit wat geskik is om herdenk te word, en straatbenoeming word op hierdie wyse deel van die politiek van openbare verering en herdenking (Azaryahu en Kook 2002:199).

Daarteenoor bied die gebruik van straatname vir vereringsdoeleindes ’n amptelike weergawe van geskiedenis wat geïnkorporeer kan word binne die sfeer van die sosiale lewe (Azaryahu 1996:321). Straatname as herdenkings- of vereringstekens en -simbole verteenwoordig meer as slegs ruimtelike oriëntasie. Daar kleef ook aan hulle historiese kontekste en hulle dien as ’n tipe “geskiedeniskaart” en word ’n amptelike uitbeelding van wat as belangrike historiese erfgoed beskou word. Op hierdie wyse word straatname deel van die simboliese konstruksie van identiteit, en die lees van straatname kom neer op ’n ontsyfering van ’n amptelik gekonstrueerde identiteitsteks wat die belange en houdings van die plaaslike politieke leiersgroepe en die land se magshebbers weerspieël (Azaryahu en Kook 2002:210).

Die betekenis en vertolking van gedenkstraatname word deur persoonlike en ideologiese beskouings en voorveronderstellings gekleur. Wat egter belangrik is, is hulle houdbaarheid en geldigheid en watter interpretasie die gebruikers daarvan daaraan heg. Dit is wat hulle kultureel en polities relevant en houdbaar maak (Azaryahu en Kook 2002:200). Lefebvre (1991:54) beweer:

> A revolution that does not produce a new space has not realized its full potential: indeed, it has failed in that it has not changed life itself, but has merely changed ideological superstructures, institutions and political apparatuses. A social transformation, to be truly revolutionary in character, must manifest a creative capacity in its effects on daily life, on language and on space – though its impact need not occur at the same time, or with equal force, in each of these areas.

Die skep van “nuwe ruimte” kan gewoon beteken dat ’n bestaande straatnaam deur ’n nuwe vervang word (Lefebvre 1991:27).

Azaryahu se studie (1996:321) oor wat hy die “power of commemorative streetnames” noem, is veral insiggewend, omdat hy sy ondersoeksveld wyd span en talle voorbeelde gee van vereringstraatname in Europa, Rusland en Israel. Dit is toepaslik op Suid-Afrika veral in die sin dat hy ook voorbeelde gee van kolonialistiese straatname, die verset daarteen en die uitwerking van bewindsverandering op sulke straatname. Hy gee voorbeelde van hoe historiese helde en gebeure in straatname vereer is, nie slegs om dinastiese glorie te weerspieël nie, maar om nasiebou te bevorder. Na die vestiging van Israeli-soewereiniteit is King George Avenue in Haifa byvoorbeeld verander na Independence Avenue (Azaryahu 1996:314). Die ANC was ten volle bewus van die belangrikheid om Suid-Afrika te

dekoloniseer, en van die besondere waarde van name en simbole, en het kort na bewindsaanvaarding in die vooruitsig gestel:

> We would restore our pride and dignity and then would forever remove all vestiges and reminders of apartheid, and with the full participation of our people, change these names and symbols to ones that would instill national pride and acceptance. (Mowzer 1998:12)

Wat die verering van uitstaande nasionale leiersfigure betref, bevind Azaryahu dat in Israel 23 uit 30 dorpe die straatnaam van die Sionistiese leier en held, Herzl, gebruik het. Die voorbeeld wat hy gee van Bismarck, die argitek van Duitse eenheid, herinner sterk aan die Mandela-verering wat gevolg het na die demokratisering van Suid-Afrika. Strate is na Bismarck vernoem in feitlik elke Duitse stad en dorp, soos wat in baie gevalle met Mandela in Suid-Afrika gebeur het (Azaryahu 1996: 323).

Wanneer dit by Israel en die Nabye Ooste kom, is die konteks waarbinne Azaryahu sy ontleding doen, die uitwys van die assosiasie tussen herdenkingstraatname en nasiebou. Dit het sterk na vore getree gedurende die 20ste eeu as gevolg van suksesvolle etniese herontwaking en postkoloniale reaksies. Die herbenoeming van strate is gesien as sowel ’n triomfantlike viering van onafhanklikheid en mag as ’n meganisme van afrekening met die verowerde bewind. Hierdie argumente is herhaaldelik deur die ANC opgehaal om straatnaamverandering te regverdig en aan te vuur.

Azaryahu en Kook (2002:1955) se ontleding fokus op die opvattings oor historiese en kultuurerfenisgoedere soos in die keuse van straatname vergestalt. Hierdie beklemtoning van die belangrikheid van eietrots en die regstelling van miskenning en aftakeling van die eie voorouers en helde was temas wat by herhaling ook in die debat oor straatnaamverandering in Suid-Afrika geopper is. Dit het veral gegaan oor die blanke miskenning van die waarde en belangrikheid van swart erfenisgoedere wat onder apartheid “vertrap” is, oor die skeeftrekking van swartes se geskiedenis en die vernedering van hulle helde wat meestal uitgemaak is as diewe wat wittes van hulle vee beroof het (Tsedu 1999:10). Dit alles moes reggestel en uit die weg geruim word in wat as “revolutionary zeal to undo the legacy of colonialism” bestempel is (Tsedu 1999:10).

5. Die herbenoeming van strate: afrekening met die ou bewind, toejuiging van die nuwe

Herbenoeming is ’n prominente kenmerk van die toponimie van moderne stede. Volgens Azaryahu (1996:317) het die herbenoeming van ’n straat ’n beduidende uitwerking nie net op die stad nie, maar ook op menslike ervaring en waarneming van ruimtes binne stede: “A rude intervention in routinized and traditional relations between ordinary people and their habitat effects a cognitive dissonance and mental and communicative disarray, at least temporarily.” Die feit dat herdenkingstraatname deel uitmaak van die simboliese infrastruktuur van mag en gesag, lei daartoe dat hulle teikens word wanneer politieke omwentelinge intree. Deurdat ’n polities-gemotiveerde herbenoeming ’n tweevoudige prosedure van “ont”-gedenking en

herdenking behels, gaan dit dikwels met konflik of ten minste reaksie gepaard (Azaryahu 1996:317).

Die herbenoeming van strate is ’n bewys dat die behoefte van ’n nuwe bewind aan wettigheid en selfvoorstelling akuut word. In ’n revolusionêre situasie, of in die geval van een of ander dramatiese politieke verskuiwing, is die herbenoeming van strate ’n daad van politieke propaganda met groot proklamasiewaarde, omdat dit openbare reaksie uitlok. Deur herbenoemings proklameer die nuwe bewind die begin van ’n nuwe era en toon en bevestig dit terselfdertyd die vasberadenheid en selfvertroue om tekens en simbole opnuut te bekyk en te verander. Die daad van herbenoeming bevestig dat die radikale herstrukturering van magsverhoudings in die samelewing werklik bereik of onderweg is, en dit bevestig ’n grondige rekonstruksie van sosiale en politieke instellings. Straatherbenoemings “is both a celebration of triumph and a mechanism of settling scores with the vanquished” (Azaryahu 1996:318).

6. Die onbewustheid van waarvoor straatname werklik staan

Met verloop van tyd bly daar min oor van die tradisionele samelewing wat aanvanklik betekenis gegee het aan die benoeming van ruimtes en straatname of wat die heersende opvattings van plaaslike geskiedenis kan bevraagteken. So het ’n joernalis byvoorbeeld opgemerk dat Durban se straatname uit die koloniale verlede kom, “and most people have forgotten who the hell they are anyway” (Davis 1999:17). Met verloop van tyd verdwyn die magte en gesaghebbendes wat die oorspronklike besluite geneem het en weinig van die inwoners het uiteindelik enige idee van die werklike herkoms of diepere betekenis van straatname. Dit word iets wat rigting en adres aandui en dus niks meer as ’n oriënteringspunt is nie (Entrikin 1991:x). Hiervan is ’n goeie voorbeeld die poging tot die herbenoeming van Waal- en Adderleystrate in Kaapstad na die twee oudpresidente Nelson Mandela en F.W. de Klerk en die feit dat argiefmateriaal nagegaan moes word om vas te stel na wie hierdie strate oorspronklik vernoem is.

Bourdieu (1991:239–40) praat van “the means of political violence” wanneer die politieke mag wat oor ’n bepaalde ruimte uitgeoefen word, deur onafhanklike optrede uitgedaag word. Straatname kan dus nie willens en wetens verander of herbenoem word sonder om die politieke magsbepalers, en soms selfs die stadsbewoners, se reaksie daarop te verreken nie (Pinchevski en Torgovnik 2002:374).

Wanneer daar van tyd tot tyd verander en gepeuter word aan plek- en straatname en die gebruikers daarvan nie hulle stemme laat hoor nie, kan niemand anders namens hulle praat nie – beslis nie een of ander deskundige of segspersoon nie, want niemand het eintlik die reg om namens die persone wat direk daarby gemoeid is, hulle stemme te verhef nie, en dikwels word swye die kern van die probleem van naamsverandering (Entrikin 1991:xi). Dat stryd en konflik in naamsverandering ter sprake kom, is te verstane. In die Suid-Afrikaanse situasie moes die wit minderheid sien hoe hulle simbole deur ’n nuwe swart meerderheid verag, verander en herbenoem word.

7. Die eerste straatnaamverandering in Bloemfontein ná die ANC-bewindsoorname

Dat konflik en hewige argumentasie feitlik sinoniem is met naamsverandering, word duidelik geïllustreer in die verloop van die Vrystaat se eerste straatnaamverandering. So erg was die belewenis daarvan aan die begin dat dit in die Vrystaatse hoofstad as die ANC se "strooptog op die verlede" bestempel is. Die ampswapens op die fasade van die Wetgewer se gebou (die historiese Vierde Raadsaal) en talle ander kultuurbesittings het onder skoot gekom. Vir baie wit Vrystaters was die Vierde Raadsaal met geskiedenis deurdrenk, ook uit die era voor apartheid, en 'n belangrike deel van die Vrystaatse erfenis wat tot elke prys bewaar moes word. Sinies en oordrewe is opgemerk dat as alles wat aan die verlede herinner, dan verwyder moet word, "sit die Vrystaatse Wetgewer naderhand op klippe onder 'n boom iewers op die Vrystaatse vlaktes" (Nieman 1995:10).

Straatname as deel van kultuurerfenis-kwessies het van die vurigste debatte in die Vrystaatse Wetgewer tussen die ANC en opposisiepartye ná die ANC se regeringsoorname in 1994 tot gevolg gehad. Basies was die ANC se vertrekpunt rakende simbole en naamsverandering dit wat in die Vryheidsmanifes uitgespel is en dikwels deur ANC-lede in die Wetgewer geopper sou word, naamlik dat "Suid-Afrika aan almal behoort wat daarin leef, wit en swart, en dat geen regering werklik gesag kan opeis tensy dit gegrond is op die wil van die hele bevolking nie" (*Freedom Charter* 1955).

Sommige van die voorgestelde veranderinge het nie veel meningsverskil tot gevolg gehad nie, maar kwessies soos die provinsie en die hoofstad se naamsverandering en die verwydering van die inhoud (die wapen, matte, skilderye en borsbeelde van die presidente van die ou Vrystaatse Republiek) in die Vierde Raadsaal waar die nuwe demokratiese regering nou sitting gehad het, sou vurige debat ontketen (*Hansard* 1995: 380/1).

Heel eerste aan die beurt was die simbole in die Raadsaal waar die nuwe Vrystaatse Wetgewer sitting sou neem. Waaroor daar geen onduidelikheid en huiwering by die ANC-leierskap in die Vrystaat bestaan het nie, was dat die veragtelike argitek van apartheid, Hendrik Verwoerd, se beeld so gou as moontlik verwyder moes word. Dit het immers voor die gebou van die provinsiale regering gestaan en dit was ondenkbaar dat die nuwe ANC-regeringslede elke dag op pad werk toe verby wat hulle as 'n verfoeilike standbeeld bestempel het, sou moes stap. Dit is reeds in September 1994 verwyder.

Laer op die lys veranderinge was straatname en dit was eers in Februarie 2000 dat berigte begin verskyn het oor die moontlikheid dat bekende strate in Bloemfontein dalk na Mandela vernoem kon word. Een van die belangrike strate, Voortrekkerstraat, wat in 1938 tydens die honderdjarige viering van die Groot Trek sy naam gekry het, was ter sprake. Dit was voorheen St John's-straat en vir die Afrikaanssprekende wit inwoners van die stad was dit toe net nog 'n kolonialistiese simbool wat verwyder is. Ironies genoeg het dié nou die teiken geword van die ANC se erns ná dekolonisering. Met Bloemfontein onder Britse gesag in die eerste helfte van die 19de eeu is een van die strate na 'n luitenant van die Koninklike Artillerie, St John, vernoem. Toe die stadsraad in 1946 in Afrikanerbeheer kom, is die naam na Voortrekkerstraat verander (Lubbe 2003:5).

Die wit lede in die Wetgewer het probeer skerm dat die naam Voortrekkerstraat behou word weens die sentiment wat aan die geskiedenis van die Voortrekkerpioniere gekoppel was. ’n Voorstel dat Eeufeesweg eerder Mandelaweg moet word, is deur die swart meerderheid verwerp omdat “minder sentiment” daaraan as aan Voortrekkerstraat gekoppel was en dit dus nie die sein van dramatiese nuwe verandering sterk genoeg sou deurstuur nie. Die vestiging van ’n nuwe, eie stempel moes juis dáár geskied waar die teenstand teen die ou orde – die Voortrekkers en die Boere en die onderdrukking waarmee hulle vereenselwig is – die skerpste was en die ommekeer die sigbaarste sou wees. Nog ’n rede vir die keuse van Voortrekkerstraat was dat die plegtigheid waartydens Mandela vyf jaar tevore vrye toegang tot Bloemfontein ontvang het, deels in dié straat gehou is (Botha 2000:1).

Die eerste beswaar wat uit wit kringe teen dié moontlike verandering geopper is, was die groot koste wat dit sou meebring, omdat Voortrekkerstraat die adres van baie bekende ondernemings was en nuwe naamborde, stadskaarte en besigheidsadresse verander sou moes word (Botha 2000:1). Sommige het die oplossing van plaasmoorde as ’n baie hoër prioriteit voorgehou; ander het weer geredeneer dat dit die Voortrekkers is wat die land opgebou het. Tog was daar wel enkele stemme wat die politieke voordele wat so ’n naamsverandering ingehou het, as belangriker as die koste beskou het (Rautenbach 2000:14). In hierdie kringe was daar begrip dat die nuwe bewindhebbers “hul stempel op die samelewing” wil afdruk en die “ooglopendste manier is die verandering van straatname” (Anon. 2000a:8).

Die kolonialistiese verlede is opgehaal toe Brittanje Bloemfontein in 1900 gewelddadig verower het en weer toe die Nasionale Party in 1948 bewind oorgeneem en name na willekeur verander het. Daar moes dus erken word dat die besluit van die stadsraad om die Bloemfonteinse straatname “meer ANC-vriendelik te maak”, nie ’n verrassing was nie (Anon. 2000:8). Daar is besef dat indien die ANC werklik sy stempel van verowering en mag op die Vrystaat wou afdruk, dramatiese naamsveranderinge onvermydelik was. Die grootste deel van die bevolking was immers totaal uitgesluit toe straatname en die name van die meeste dorpe toegeken is, en die transformasieproses het nou ruim geleentheid gebied om dit reg te stel (Anon. 2000b:6).

Dit was duidelik dat politieke, ekonomiese en geografiese faktore naamsverandering in hierdie straatnaamstryd gekompliseer het. Polities was dit noodsaaklik om mag uit te oefen en verandering te realiseer; die sterkste besware het oor ekonomiese kwessies gegaan en geografies is die straat wat sentraal geleë was en baie verkeer gedra het, uitgesonder. Die belangrikheid van die simboliese het ook nie uitgebly nie, en die verandering van ’n naam wat aan die een kant simbolies gekoppel is aan die tydperk van diskriminasie en onderdrukking, maar aan die ander kant romanties verbind is aan die stryd en oorwinning van die wit bevolking, sou ’n gloeiende sege vir die nuwe bewind beteken.

In die geval van die Vrystaat se straatnaamveranderinge het veral duidelik geblyk hoe belangrik politieke oorwegings by naamsverandering was. Terwyl die Afrikaanssprekendes oorheersend was, is min straatname in Bloemfontein verander: Hospitaalweg na Andries Pretoriusstraat en St John’s-straat na Voortrekkerstraat. Maar ná sy oorname in 1948 het die

Nasionale Party weldra landswyd met veel meer naamsveranderinge begin, byvoorbeeld deur die militêre basis buite Pretoria van Roberts Heights na Voortrekkerhoogte te verander.

Die Pretoria-stadsraad het in 1978 etlike straatname verander: Devenishstraat en George Storrarrylaan het Leyds-rylaan geword; in Silverton is Victoria- en Milnerstrate onderskeidelik na Krige- en Fakkelstrate verander (Anon. 1979:15); in 1983 is Bikostraat en Mandelastraat in Port Elizabeth onderskeidelik tot Koenstraat en Fonteinstraat herdoop. Die rede wat deur die administrateur aangevoer is vir laasgenoemde naamsveranderinge, was dat hulle vernoem is na "two controversial black leaders" (Hill 1983:2). In 1989 is verskeie strate in Pretoria na die Suid-Afrikaanse staatsmanne Smuts, Malan, Strijdom en Verwoerd vernoem (Anon. 1989:7).

In Bloemfontein, soos in feitlik elke stad en dorp in die land, het 'n D.F. Malan- en later 'n H.F. Verwoerd-straat hulle verskyning gemaak. Ook hospitale, skole, damme en lughawens is na politieke leiers vernoem, soos onder andere die J.B.M. Hertzog-lughawe in Bloemfontein. Eintlik was daar geen ander uitweg as dat daar ook in wit geledere begrip en aanvaarding vir die noodwendigheid van bepaalde ANC-veranderinge getoon sou moes word nie. Soos 'n Bloemfonteinse inwoner dit gestel het:

> Wie kon in elk geval van 'n ANC-LUR in Bloemfontein verwag om na veertig jaar van apartheid met Voortrekkerstraat werk toe te ry net om verby 'n standbeeld van Verwoerd na sy kantoor in die H.F. Verwoerd-gebou te stap? (Van der Westhuizen 2000:7)

Interessant genoeg was die leier van die PAC, dr. M. Pheko, van mening dat naamsverandering nodig was, maar hy het nie beswaar gehad dat 'n Verwoerd-rylaan hier en daar voortbestaan nie – sulke name gee almal se geskiedenis weer en daar moet na balans gestreef word. Hier bo is daarop gewys dat politieke oorwegings nie totaal moet oorheers nie. Strate behoort nie net na helde van die regerende party vernoem te word nie, maar ook na skrywers, wetenskaplikes en medici (Van der Westhuizen 2000:7).

Merkwaardig genoeg is geen ander straatname in Bloemfontein verander ná die toekenning van die naam Mandelaweg nie. Wanneer daar wel gepoog is om 'n straatnaam te verander, het dit eindeloos gesloer, soos die volgende geval illustreer. Reeds in November 2002 is by die Mangaung-raad aansoek gedoen dat die niksseggende Houtepoppiestraat in die Pelissier-woonbuurt se naam moet verander na Mzuzustraat, 'n vernoeming na 'n gerespekteerde Bloemfonteinse gemeenskapsleier. Dit is in Maart 2003 goedgekeur, maar eers weer in Februarie 2004 bespreek en gefinaliseer. Só lank het die amptelike proses gesloer dat die straat se naam reeds intussen verander is. Die burgemeester moes verduidelik dat die proses in die wiele gery is by die departement van grondsake wat dit moes goedkeur (Gericke 2004:2).

Dit was eers weer in Augustus 2011 dat daar berig is dat ander Bloemfontein-strate "wel gaan verander" (Ebersohn 2011:4). Wat hieraan nuwe impetus gee, is die ANC se beplande eeufeesviering in 2012, alhoewel die Vrystaatse regering te kenne gegee het dat dit "niks te doen het met 'n sogenaamde apartheid-stigma" wat aan die hoofstad kleef nie, maar dat dit

slegs ’n kwessie is dat “die stad sy toekoms moet weerspieël”. Dit was ’n toekoms wat groter swart seggenskap en verering van eie leiers ten toon moes stel. Daar is tot dusver geen duidelikheid oor watter strate geteiken word nie en die versekering is ook gegee dat behoorlike openbare konsultasie sal plaasvind (Ebersohn 2011:4).

8. Straatnaamherbenoemings in van die ander groot stede

Alhoewel die oogmerk van hierdie artikel is om eksemplaries te werk te gaan deur na ’n spesifieke Vrystaatse straatnaamverandering te kyk, kan dit tog verhelderend wees om na enkele ander voorbeelde te verwys. Turner (2009:113–33) praat byvoorbeeld van ’n “odonomic warfare” wat in Durban losgebars het toe daar in die loop van 2007 nuwe name aan strate in die stad toegeken is. Sy bespreek die proses van herbenoeming, die politieke onderstutting daarvan en die redes waarom dit soveel ontevredenheid en meningsverskil onder die politieke teenstanders en inwoners van Durban ontlok het.

Eerstens het die weerstand gegaan oor die tipe name wat gekies is – hoofsaaklik dié van anti-apartheid-vryheidsvegters uit ANC-geledere, sodat die indruk geskep is dat Durban feitlik as hulle uitsluitlike territorium gesien is sonder inagneming van die diversiteit van die inwoners. Tweedens het die ontevredenheid gegaan oor die gebrek aan demokratiese konsultasie, wat juis die primêre oogmerk was van diegene wat hulle lewens in die stryd vir demokrasie opgeoffer het. Boonop was baie van die nuwe name dié van minder bekende helde in die stryd, of name soos Fidel Castro en Kenneth Kaunda, sodat die keuses beskryf is as “a rogues’ gallery of Third World revolutionaries” (Turner 2009:118). Verder was die IVP (Inkatha Vryheidsparty) en die DA (Demokratiese Alliansie) luid in hulle veroordeling omdat die hele proses die verskeidenheid politieke oortuigings misken het en die ou wonde van onderdrukking weer oopgekrap het. Dit was niks minder nie as ’n gebrek aan deursigtigheid, die gebruik van kwetsende en selfs absurde name en die afwesigheid van ware demokratiese oorlegpleging. Veral die IVP was luidkeels opstandig omdat geen poging aangewend is “to recognise any of the hundreds of IFP leaders who died in the struggle” (Cooper 1999:1). Sinies is opgemerk dat wanneer al die herbenoemings verby is, “the ANC will again have imitated its white Nationalist predecessors”, en waar daar voorheen ’n Voortrekkerstraat of Hendrik Verwoerdweg was, sou elke dorp en stad uiteindelik ’n Nelson Mandelaweg hê (Saunders-Meyer 1999:10).

Die ANC se standpunt, daarenteen, was dat Durban se belangrikste strate gestroop moes word van hulle koloniale-era-name en dat daar reeds te lank gesloer is om straatname te verander (Anon 1999:2). Transformasie was in elk geval besig om die belangrikste koloniale bakens aan te raak deurdat portrette van vorige burgemeesters in die stadshuis vervang is met dié van John Dube, Dorothy Nyembe, Mahatma Gandhi en ander persoonlikhede uit die bevrydingsera.

Wat Johannesburg betref, was die eerste teiken om van die name van voorste apartheidshelde ontslae te raak. Eerste aan die beurt was D.F. Malan, een van die mees doelgerigte toepassers van die apartheidsbeleid, en in 2001 is D.F. Malanrylaan verander na Beyers Naudérylaan. Só het die land se grootste metropool eer betoon aan ’n voorvegter uit Afrikanergeledere teen

apartheid en een van die mees omstrede kerklui in Suid-Afrika (Jackson 2001:4). Dit sou egter tot 2007 sloer voordat ander strate met kwetsende name uit die apartheidsera, soos Verwoerd en Strijdom in Randburg, sonder teenstand onderskeidelik verander is na Braam Fischerweg en Malibongweweg, vernoem na twee helde in die stryd teen die onderdrukking van swartes. Die bewussyn dat mense "form an association with street names and want names to which they can relate" was besig om al sterker deur te breek (Sepotokele 2004:9).

Verskeie strate in Johannesburg se Newtown-woonbuurt is in 2004 verander ten einde Johannesburg-kunstenaars te vereer wat ten spyte van sensuur, verbanning en "diskriminasie deur opname-maatskappye en die staatsbeheerde radio en die gewelddadige platstoot van Sophiatown", tog oorleef en hulle kuns laat floreer het (Sepotokele 2004:9). Hier was die fokus dus (soos Azaryahu en Kook se ontleding aantoon) op historiese en kultuurerfenisgoedere soos vergestalt in die keuse van straatname. Die hoofargument was ook dat herbenoeming die demokratiese veranderinge in die land moet weerspieël en dat groot geeste in die swart kultuur vereer moet word.

Van die interessante straatnaamveranderinge was: Becker na Gerard Sekoto (bekende skilder en 'n pionier van moderne Afrika-kuns; Bezuidenhout na Miriam Makeba (een van die land se kultuurikone); Wolhuter na Margaret Mcingana (wat wêreldwye bekendheid verwerf het vir haar weergawe van "Mama Tembu's Wedding"); Goch na Henry Nxumalo (gerespekteer vir sy exposé oor die werktoestande op die aartappelplase in Bethal); en Sydenham na Noria Mabasa (bekend vir haar klei- en houtbeelde wat opgeneem is in galerye in die VSA, België en Nederland – Cox 2004:10). In 2006 is Harrowstraat, wat vernoem is na die Engelse dorp en privaatskool, vernoem na Joe Slovo, 'n advokaat wat senior ANC-leiers verdedig het, insluitende in die sogenaamde Treason Trial van 1956 en die Rivonia-verhoor van 1963 (Cox 2006a:2).

Teen die einde van 2008 het die Johannesburgse stadsraad besluit om nie minder nie as 18 strate in verskillende woonbuurtes na een van die ANC-ikone, "Ma" Albertina Sisulu te vernoem, onder ander die belangrike Markstraat. Van die ander strate wat na haar vernoem is sluit in: Kitchenerlaan, Broadway-uitbreiding; Maraisburgstraat; Delvillestraat; Hambergweg; en Hoofd-straat (Cox 2008b:6).

Wat Kaapstad betref, het die ANC van die begin af talle redes aangevoer waarom plek- en straatname in die Moederstad moet verander: die bestaande name weerspieël die stad se "verdeelde" verlede; 'n nuwe demokrasie met algehele veragting vir die ou orde behoort nie saam te leef met name van apartheidshelde nie; die koloniale verlede is verby en daar bestaan geen relevansie om die name van Britse politici te behou nie; Suid-Afrika het sy eie kultuur en erfgoed en 'n rykdom aan beskrywende taal; die proses van naamsverandering sal debat en kreatiewe denke stimuleer (Anon. 1998:15). Daar is op gewys hoe die Woodstock-woonbuurt wemel van die name van Engelse graafskappe, eerste ministers, generaals en admiraals, terwyl dit in Houtbaai en van die ander voorstede voel asof 'n mens in 'n deel van Brittanje beland het.

Die gevolge van Kaapstad se komplekse straatnaamverandering-debakel in 2001, toe gepoog is om twee strate na Mandela en De Klerk te vernoem, was verreikend. Aanklagte van kullery met die stemme wat deur die publiek daaroor uitgebring is, het tot verskeie ondersoeke gelei, uitgeloop op die skorsing van die burgemeester, en selfs tot die opbreek van die politieke alliansie tussen die Demokratiese Party en die Nuwe Nasionale Party gelei. Dit is ’n lang en ingewikkelde verhaal wat buite die konteks van hierdie artikel val. Wat wel van belang is, is dat naamsverandering vir lank daarna ’n turksvy was wat almal probeer vermy het. Eers bykans ’n dekade daarna is in die loop van 2010 aangekondig dat vier naamsveranderinge deur die stadsraad goedgekeur is: Oostelike Boulevard na Nelson Mandelaweg; Oswald Pirowstraat na Christiaan Barnardstraat; die deel van Kasteelstraat tussen Adderley- en Burgstraat na Krotoaplein; en die plaza tussen die burgersentrum en die Kunstekaap na Albert Luthuliplein. (Krotoa was ’n slavin wat uitgeblink het as tolk en later met ’n wit soldaat getroud is.) Nog steeds het die Kapenaars gepraat van ’n “naamgee-oorlog” en vurig gedebatteer oor “wie die reg het om te besluit wat uit die verlede reg of verkeerd is” (Barnard 2010:1).

9. Slot

Sonder verrekening van die belangrikheid van ruimte, die semiotiek en die kollektiewe geheue van ’n gemeenskap kan straatname eintlik nie bedink word nie, en veral ook nie om die politiekery daaraan verbonde buite rekening te laat nie. Die straatnaamverandering in Bloemfontein illustreer: hoe geografiese ligging en historiese en politieke belangrikheid ter sprake kom deurdat een van die belangrikste strate eerste getakel is; hoe die semiotiese betrek is deur die gevoelswaarde en historiese konteks van die ou en nuwe naam; maar ook hoe weerstand gegenereer is deur die aantasting van simbole uit die verlede wat bykans ’n heilige karakter aangeneem het.

In ’n sin het verandering ingetree daar waar die ou simboliek die prominentste was en waar die nuwe verandering die opvallendste sou wees en ’n nuwe held met al die simboliek rondom sy naam prominent onder die aandag sou bring. In die geval van die eerste Vrystaatse ANC-straatnaamverandering was dit die politieke wil wat teen alle teenkanting in die deurslag gegee het, want vir swart mense was dit ’n kwessie van “unshackling” en “decolonisation” ná die lang stryd vir vrywording wat in die nuwe samelewing weerspieël moes word (Jack 2002:17). In dieselfde trant en gees sou die ANC-beheerde munisipaliteite met nuwe straatname hulle stempel op die samelewing begin afdruk, ’n proses wat geensins afgeloop is nie.

Bibliografie

Anon. s.j. Street or road name. http://org/wiki/Street or road name (24 Januarie geraadpleeg).

Anon. 1979. Stadsraad besluit oor nuwe name vir strate. *Hoofstad*, 13 Maart, bl. 15.

Anon. 1989. Verskeie strate nou na SA staatsmanne genoem. *Die Transvaler*, 9 Januarie, bl. 7.

Anon. 1998. Hoofartikel: Changing the city's identity. *Cape Argus*, 5 November, bl. 15.

Anon. 1999. Colonial names of Durban streets to change. *The Star*, 30 Maart, bl. 2.

Anon. 2000. Hoofartikel: Straatname en rekenings. *Die Volksblad*, 18 Februarie, bl. 8.

Anon. 2000a. OVS simbole verwyder vir eerste parlementsitting. *Die Volksblad*, 4 Mei, bl. 4.

Anon. 2000b. Hoofartikel: Nuwe name, nuwe gevare. *Die Volksblad*,9 Mei, bl. 6.

Azaryahu, M. 1996. The power of commemorative street names. *Environment and Planning D*: *Society and Space*, 14(3):311–30.

Azaryahu, M. en R. Kook. 2002. Mapping the nation: Street names and Arab-Palestinian identity: Three case studies. *Nations and Nationalism*, 8(2):195–213.

Barnard, M. 2010. Vier nuwe straat- en plekname vir Kaapstad goedgekeur. *Die Burger*, 10 Desember, bl. 1.

Billig, M. 1995. *Banal nationalism*. Londen: Sage.

Botha, A. 2000. Bekende strate in Bfn [Bloemfontein] dalk vernoem na Mandela. *Die Volksblad*, 16 Februarie, bl. 1.

Bourdieu, P. 1991. *Language and symbolic power*. Cambridge: Polity.

Celik, Z.D., D. Favro en R. Ingersoll. 1994. *Streets: Critical perspectives on public space*. Berkeley: University of California Press.

Cooper, A. 1999. Anger at plan to rename streets. *The Daily News*, 30 Maart, bl. 1.

Cox, A. 2004. New Newtown straat names honour artists. *The Star*, 6 Februarie, bl. 10.

—. 2006. More name changes soon. *Saturday Star*, 11 Februarie, bl. 2.

—. 2008. Council to rename 18 Joburg streets after stalwart. *The Star*, 10 September, bl. 6.

Davis, P. 1999. What's the fuss about?. *Sunday Tribune*, 4 April, bl. 17.

Dear, M.J. en S. Flusty (reds.). 2002. *The spaces of postmodernity: Readings in human geography*. Londen: Wiley-Blackwell.

Ebersohn, K. 2011. Straatname in Bfn [Bloemfontein] gaan wel verander. *Die Volksblad*, 1 Augustus, bl. 4.

Entrikin, J.N. 1991. *The betweenness of places*. Baltimore: John Hopkins University Press.

Ferguson, P.P. 1988. Reading city streets. *The French Review*, 61(3):386–97.

Freedom Charter, The. 1955. Adopted at the Congress of the People at Kliptown, Johannesburg. 25 en 26 Junie. INCH: P2.13. (Geen plek of uitgewer op pamflet aangedui nie.)

Gericke, M. 2004. Mzuzustraat is nou goedgekeur. *Ons Stad*, 19 Februarie, bl. 2.

Gill, R. 2005. Changing symbols: The renovation of Moscow place names. *The Russian Review*, 64(3):480–503.

Guyot, S. en C. Seethal. 2007. Identity of place, places of identity: Change of place names in post-apartheid South Africa. *South African Geographical Journal*, 89(1):55–63.

Hansard. 1995. Debatte van die Wetgewer van die Provinsie Oranje-Vrystaat, 28 Maart, kol. 380/1.

Hill, R. 1983. Biko, Mandela roads in PE [Port Elizabeth] get new names. *Evening Post*,13 April, bl. 2.

Jacobs, J.M. 2002. (Post-)colonial spaces. In Dear en Flusty (reds.) 2002.

Jack, M. 2002. On a mission to reclaim the heritage of Africans. *City Press*, 3 Februarie, bl. 17.

Jackson, N. 2001. D.F. Malanrylaan Sondag amptelik hernoem. *Beeld*, 26 September, bl. 4.

Lefebvre, H. 1991. *The production of space*. Oxford: Basil Blackwell.

Lubbe, J. 2009. Van heilige tot ikon: Die geskiedenis van die naamgewing van een van Bloemfontein se strate. *Nomina Africana*, 17(1):5–21.

Matavire, M. 1999. Street in PE [Port Elizabeth] named after Olaf Palme. *Eastern Province Herald*, 1 September, bl. 6.

Meiring, B. 1994. Toponymic innovation and social change. *Nomina Africana*, 8(1):65–79.

Mngade, Z. 2001. City square and major road named after Beyers Naudé. *The Star*, 1 Oktober, bl. 3.

Moll, J.C. 2007. Pleknaamsverandering in Suid-Afrika: Bevestiging van ANC mag, wettigheid en “selfrespek”. *Acta Academica*, 39(3):106–28.

Mowzer, S. 1998. Apartheid came to taunt us in the naming of streets. *Cape Argus*, 17 November, ble. 10–3.

Nieman, N. 1995. ANC wil Raadsaal van simbole stroop. *Die Volksblad*, 23 Augustus, bl. 10.

Palonen, K. 1993. Reading street names politically. In Palonen en Parviko (reds.) 1993.

Palonen, K. en T. Parviko (reds.). 1993. *Reading the political: Exploring the margins of politics*. Helsinki: The Finnish Political Science Association.

Pinchevski, A. en E. Torgovnik. 2002. Signifying passages: The signs of change in Israeli street names. *Media, Culture and Society*, 24(3):365–88.

Rautenbach, D. 2000. Koste van verandering van straatname pla inwoners. *Die Volksblad*, 17 Februarie, bl. 14.

Saunders-Meyer, W. 1999. What about Smith & Wesson streets? *The Independent on Saturday*,3 April, bl. 10.

Sepotokele, T. 2004: Names of legends now grace street of Joburg's CBD. *The Star*, 15 Oktober, bl. 9.

Schwartz, B. 1982. The social context of commemoration: A study in collective memory. *Social Forces*, 61(2):374–402.

Touissaint, J. 2007. Processing of odonyms in Quebec, Canada. *Progress Report*, Junie, ble. 1–5.

Tsedu, M. 1999. Black eye. *The Cape Times*, 27 September, bl. 10.

Turner, N.S. 2009. Odonymic warfare: The process of renaming streets in Durban, South Africa. *Nomina Africana*, 23(1):113–33.

Van der Westhuizen, G. 2000. Nuwe name vir strate en plekke niks nuuts. *Die Volksblad*, 19 Mei, bl. 7.